(ii) die Raad, wanneer 'n applikant by hom daarom aansoek doen, die afwyking van die formaat en inhoud van 'n voubiljet voorgeskryf as 'n voorwaarde vir registrasie van 'n medisyne kan magtig; en

(iii) die Raad, wanneer 'n applikant by hom daarom aansoek doen, die insluiting op 'n voubiljet van enige gespesifiseerde inligting waarvan sodanige insluiting nie by hierdie regulasie vereis word nie, kan magtig.''.

10. Regulasie 11 (4) (b) van die regulasies word hierby deur die volgende vervang:

''(b) die goedgekeurde naam en hoeveelheid van elke aktiewe bestanddeel van sodanige medisyne in letters met 'n minimum leesbaarheid soos omskryf by regulasie 1 (v) van die regulasies: Met dien verstande dat, in die geval van 'n medisyne wat slegs een aktiewe bestanddeel bevat, sodanige letters minstens die helfte van die grootte van die grootste letters moet wees wat vir genoemde eiendomsnaam gebruik is;''.

11. Die regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging by regulasie 11 (4) van die volgende:

''(d) in die geval waar 'n ander naam as die eiendomsnaam ook gebruik word, sodanige ander naam in letters van die helfte van die grootte van die grootste lettergrootte waarin die eiendomsnaam in sodanige advertensie verskyn.''.

12. Die regulasies word hierby gewysig deur Aanhangsel 3 van regulasie 15 deur die volgende te vervang:

''AANHANGSEL 3

CHEMIESE BESONDERHEDE

Naam van applikant.....

Naam van medisyne .....

Doseervorm.....

A. Die name, struktuurformules, oplosbaarheid en bergingsvereistes van die aktiewe bestanddele is soos volg:

Goedgekeurde naam (1)	Struktuurformules (2)	Oplosbaarheid (3)	Bergingsvereistes (4)

B. Die aktiewe bestanddele word verkry van die volgende bronne (name an adresse van vervaardigers en makelaars):

C. Die volgende is 'n gedetailleerde en omvattende beskrywing van die sintesemetode van die aktiewe bestanddele, met besondere aandag aan onsuiwerhede en afbrekingsprodukte:

AANTEKENINGE

1. 'Goedgekeurde naam', met betrekking tot medisyne, beteken die naam van daardie medisyne wat internasionale erkenning geniet of die ander naam wat die Raad bepaal, behalwe 'n naam van 'n fabrikaat of 'n handelsnaam wat kragtens die Wet op Handelsmerke, 1963 (Wet 62 van 1963), geregistreer is ('goedgekeurde naam' soos omskryf by artikel 1).

2. Verwysings na publikasies is nie aanvaarbaar nie.

3. Die inligting oor die oplosbaarheid van die stof in water moet vermeld word in die terminologie in die BP, bv. oplosbaar, effe oplosbaar.

4. Soos deur die vervaardiger gespesifiseer en in aanvaarbare standaardnaslaanwerke voorgeskryf of, in afwesigheid daarvan, die vereistes voorgestel deur die vervaardiger.''.

(ii) the Council may, on application to it by an applicant, authorise the deviation from the format and content of a package insert prescribed as a condition of registration of a medicine; and

(iii) the Council may, on application to it by an applicant, authorise the inclusion on a package insert of any specified information not required by this regulation to be so included.''.

10. The following is hereby substituted for regulation 11 (4) (b) of the regulations:

''(b) the approved name and quantity of each active ingredient of such medicine in lettering having a minimum legibility as defined in regulation 1 (vi) of the regulations: Provided that, in the case of a medicine containing only one active ingredient, such lettering shall be not less than one half the size of the largest lettering used for the said proprietary name;''.

11. The regulations are hereby amended by the addition to regulation 11 (4) of the following:

''(d) in any case where a name other than the proprietary name is also used, such other name in lettering one half the size of the largest type size in which the proprietary name appears in such advertisement.''.

12. The regulations are hereby amended by the substitution of the following for Annexure 3 of regulation 15:

''ANNEXURE 3

CHEMICAL DETAILS

Name of applicant.....

Name of medicine.....

Dosage form .....

A. The names, structural formulae, solubility and storage requirements of the active ingredients are as follows:

Approved name (1)	Structural formulae (2)	Solubility (3)	Storage requirements (4)

B. The active ingredients are obtained from the following sources (names and addresses of manufacturers and brokers):

C. The following is a detailed and comprehensive description of the method of synthesis of the active ingredients with special reference to impurities and degradation products:

NOTES

1. 'Approved name', in relation to a medicine, shall mean the internationally recognised name of such medicine or such other name as the Council may determine, not being a brand name or a trade name registered in terms of the Trade Marks Act, 1963 (Act 62 of 1963) ('approved name' as defined in section 1).

2. References to publications shall not be acceptable.

3. The information on the solubility of the substance in water shall be stated in the terminology in the BP, e.g. soluble, slightly soluble.

4. As specified by the manufacturer and prescribed in acceptable standard books of reference or in the absence thereof, the requirements suggested by the manufacturer.''.

13. Die regulasies word hierby gewysig deur Aanhangsel 14 van regulasie 15 deur die volgende te vervang:

"AANHANGSEL 14

PREKLINIESE ONDERSOEKE

Naam van applikant.....

Naam van medisyne .....

Doseervorm.....

A. Die volgende is besonderhede wat verkry en gevolgtrekkings wat gemaak is uit toetse wat preklinies uitgevoer is ten einde alle aspekte van die toksisiteit van die medisyne aan te dui en die veiligheid van die gebruik daarvan te bewys, met besondere aandag aan—

(i) akute toksisiteit, met inbegrip van beraamde gemiddelde dodelike dosis;

(ii) teratogenisiteitsondersoeke;

(iii) karsinogenisiteitsondersoeke; of

(iv) ander toetse om die veiligheid van die medisyne te bevestig:

In gevalle waar welbekende aktiewe bestanddele betrokke is, kan die Raad vrystelling verleen van die indiening van sommige van bogemelde inligting.

B. Die metodes en eksperimentele resultate van en die gevolgtrekkings uit toetse wat preklinies uitgevoer is met betrekking tot die effektiwiteit van die medisyne, met besondere klem op die verwantskap tussen die toetse wat uitgevoer is en die doel waarvoor die medisyne gebruik word of sal word of waarvoor dit gepropageer sal word, en voorts met betrekking tot die dosering en metode van toediening van die medisyne, is soos volg (die stawende data moet bondig en tersaaklik wees en moet sodanig wees dat genoegsame bewys gelewer word dat aan die vereistes van hierdie aanhangsel voldoen is):".

14. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 20 deur die volgende te vervang:

"Bestellings vir Bylae 6- of Bylae 7-stowwe deur apteker, geneeshere, tandartse en veeartse

20. (1) Elke bestelling vir 'n Bylae 6- of Bylae 7-stof moet skriftelik uitgereik word en moet geteken word deur 'n apteker, geneesheer, tandarts of veearts en die volgende moet daarin vermeld word:

(a) Die naam en hoeveelheid van die stof wat daarvolgens gelewer moet word: Met dien verstande dat die hoeveelheid wat gelewer moet word, in sowel syfers as in woorde uitgedruk moet word;

(b) die naam, besigheidsadres en kwalifikasies van die betrokke apteker, geneesheer, tandarts of veearts wat die Bylae 6- of Bylae 7-stof bestel; en

(c) die datum van die bestelling.

(2) In 'n noodgeval waarin dit om die gesondheid of lewe van 'n pasiënt gaan, kan 'n farmaseutiese groothandelaar by ontvangs van 'n telefoniese of telegrafiese versoek 'n Bylae 6- of Bylae 7-stof aan 'n apteker, geneesheer, tandarts of veearts lewer sonder 'n skriftelike bestelling: Met dien verstande dat—

(i) dit die verantwoordelikheid van sodanige apteker, geneesheer, tandarts of veearts is om te verseker dat sodanige groothandelaar binne 14 dae 'n skriftelike bestelling ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) ontvang; en

(ii) die Bylae 6- of Bylae 7-stof in die kleinste beskikbare eenheidsverkoopverpakking gelewer moet word.".

15. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 28 (1) (e) deur die volgende te vervang:

"(e) in die geval van die verkoop van 'n medisyne of gelyste stof ingevolge die bepalings van artikel 18 (1) van die Wysigingswet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1979 (Wet 17 van 1979), die verwysingsnommer deur die verkoper aan die verkoop toegewys;".

13. The regulations are hereby amended by the substitution of the following for Annexure 14 of regulation 15:

"ANNEXURE 14

PRE-CLINICAL STUDIES

Name of applicant.....

Name of medicine.....

Dosage form .....

A. The following are particulars obtained and conclusions drawn from tests performed pre-clinically to demonstrate all aspects of the toxicity of the medicine, and to prove the safety of its use, with special reference to—

(i) acute toxicity, including estimated average lethal dose;

(ii) teratogenicity studies;

(iii) carcinogenicity studies; or

(iv) other tests to substantiate the safety of the medicine:

In cases involving well-known active constituents the Council may grant exemption from the submission of some of the above information.

B. The methods and experimental results of and the conclusions from tests performed pre-clinically with reference to the efficacy of the medicine, with special emphasis on the relationship between the tests performed and the purpose for which the medicine is or will be used or for which it will be propagated, and further with reference to the dosage and method of administration of the medicine, are as follows (the supporting data shall be concise and relevant and shall be such that adequate proof is provided that the requirements of this annexure have been met):".

14. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 20 of the following:

"Orders for Schedule 6 or Schedule 7 substances by pharmacists, medical practitioners, dentists and veterinarians

20. (1) Every order for a Schedule 6 or Schedule 7 substance shall be issued in writing and shall be signed by a pharmacist, medical practitioner, dentist or veterinarian and shall state—

(a) the name of quantity of the substance to be supplied thereon: Provided that the quantity to be supplied shall be expressed both in figures and in words;

(b) the name, business address and qualifications of the particular pharmacist, medical practitioner, dentist or veterinarian ordering the Schedule 6 or Schedule 7 substance; and

(c) the date of the order.

(2) In an emergency in which the health or life of a patient is at stake, a pharmaceutical wholesaler may, on receipt of a telephonic or telegraphic request, supply a Schedule 6 or Schedule 7 substance to a pharmacist, medical practitioner, dendist or veterinarian, without a written order: Provided that—

(i) it shall be the responsibility of such pharmacist, medical practitioner, dentist or veterinarian to ensure that such wholesaler receives a written order within 14 days in accordance with the provisions of subregulation (1); and

(ii) the Schedule 6 or Schedule 7 substance shall be supplied in the minimum unit sales pack available.".

15. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 28 (1) (e) of the following:

"(e) in the case of the sale of a medicine or scheduled substance in terms of the provisions of section 18 (1) of the Medicines and Related Substances Control Amendment Act, 1979 (Act 17 of 1979), the reference number allocated to the sale by the seller;".

16. Die regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging by regulasie 28 (1) van die volgende:

"(f) die naam van die medisyne.".

17. Die Engelse teks van die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 35 (1) (a) (iii) deur die volgende te vervang:

"(iii) Annually, in respect of the retention of registration of a medicine the registration of which has been approved by the Council in terms of section 15 (3): R60: Provided that this provision shall come into effect one year after the date on which the registration of the said medicine was approved by the Council in terms of section 15 (3), and further that the said fees payable during a particular calendar year shall be paid on or before the last working day of June of that year, failing which the registration will be cancelled in terms of the provisions of section 16 (4).".

18. Die Engelse teks van die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 39 (1) (a) (iv) deur die volgende te vervang:

"(iv) the complete formulation of such medicine, indicating which of the ingredients thereof are therapeutically active and which are therapeutically inactive, and indicating also the quantities of such ingredients contained in a dosage unit or per suitable mass or volume;".

19. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 39 (1) (b) deur die volgende te vervang:

"(b) Wat 'n medisyne bedoel in subregulasie (1) (a) betref, kan die Raad te eniger tyd al die inligting of enige bepaalde inligting aanvra wat by regulasie 15, gelees met regulasie 43, vereis word.".

20. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 39 (2) deur die volgende te vervang:

"(2) *Nuwe medisyne:*

Elke aansoek om registrasie van veterinêre medisyne wat nie in die Republiek of die Gebied vir verkoop beskikbaar was nie op die datum waarop sodanige veterinêre medisyne onderworpe geword het aan registrasie uit hoofde van 'n kennisgewing gepubliseer ingevolge artikel 14 (2) van die Wet, moet in 'n geskikte aantal afskrifte soos deur die Raad bepaal, ingedien word in die vorm voorgeskryf by regulasie 15, gelees met regulasie 43.".

21. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 40 (1) (e) (iii) deur die volgende te vervang:

"(iii) in die geval van 'n medisyne wat meer as ses aktiewe bestanddele bevat, die minimum lettergrootte wat by hierdie regulasie veroorloof word: Met dien verstande dat sodanige letters 'n minimum leesbaarheid moet hê soos omskryf by regulasie 1 (v) van die regulasies;".

22. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 41 (1) deur die volgende te vervang:

"41. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), moet elke pakket van 'n veterinêre medisyne vergesel gaan van 'n voubiljet, hetsy as 'n afsonderlike entiteit of as 'n integrerende deel van die pakket, waarop slegs onderstaande besonderhede met betrekking tot sodanige medisyne gedruk is in beide amptelike tale en in letters met 'n minimum leesbaarheid soos omskryf by regulasie 1 (v) van die regulasies, onder die opskrifte en in die formaat in hierdie regulasie gespesifiseer:

(a) Die woorde 'Veterinêre Medisyne';

16. Regulation 28 (1) is hereby amended by the addition of the following:

"(f) the name of the medicine.".

17. The English text of the regulations is hereby amended by the substitution for regulation 35 (1) (a) (iii) of the following:

"(iii) Annually, in respect of the retention of registration of medicine the registration of which has been approved by the Council in terms of section 15 (3): R60: Provided that this provision shall come into effect one year after the date on which the registration of the said medicine was approved by the Council in terms of section 15 (3), and further that the said fees payable during a particular calender year shall be paid on or before the last working day of June of that year, failing which the registration will be cancelled in terms of the provisions of section 16 (4).".

18. The English text of the regulations is hereby amended by the substitution for regulation 39 (1) (a) (iv) of the following regulation:

"(iv) the complete formulation of such medicine, indicating which of the ingredients thereof are therapeutically active and which are therapeutically inactive, and indicating also the quantities of such ingredients contained in a dosage unit or per suitable mass or volume;".

19. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 39 (1) (b) of the following:

"(b) In regard to a medicine referred to in subregulation (1) (a), the Council may at any time call for all the information or any specific information required by regulation 15 read with regulation 43.".

20. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 39 (2) of the following:

"(2) *New medicines:*

Every application for registration of veterinary medicine that was not available for sale in the Republic or the Territory on the date on which such veterinary medicine became subject to registration by virtue of a notice published under section 14 (2) of the Act shall be lodged in the form prescribed by regulation 15 read with regulation 43, in an appropriate number of copies as determined by the Council.".

21. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 40 (1) (e) (iii) of the following:

"(iii) in the case of a medicine containing more than six active ingredients, the minimum type size permitted by this regulation: Provided that such lettering shall have a minimum legibility as defined in regulation 1 (vi) of the regulations;".

22. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 41 (1) of the following:

"41. (1) Save as provided in subregulations (2) and (3), each package of a veterinary medicine shall be accompanied by a package insert, either as a separate entity or as an integral part of the package, on which are printed in both official languages, and in lettering a minimum legibility as defined in regulation 1 (vi) of the regulations, under the headings and in the format specified in this regulation, the following particulars only relating to such medicine:

(a) The words 'Veterinary Medicine';

(b) skeduleringstatus, dit is die skeduleringstatus van die medisyne soos van tyd tot tyd deur die Minister bepaal;

(c) eiendomsnaam (en doseervorm);

(d) samestelling, dit is die goedgekeurde naam van elke aktiewe bestanddeel en die hoeveelheid daarvan in 'n dosiseenheid of per geskikte massa of volume of eenheid van die medisyne, asook die goedgekeurde naam en hoeveelheid van enige bakteriedodende of bakteriostatiese middel wat as preserveermiddel in die medisyne bevat word (uitgedruk as 'n persentasie);

(e) farmakologiese klassifikasie, dit is die kategorie, die nommer en die beskrywing van die klassifikasie soos vermeld in regulasies 4 en 5;

(f) farmakologiese werking, dit is 'n beskrywing van die farmakologiese werking van die medisyne;

(g) indikasies;

(h) kontra-indikasies;

(i) waarskuwings;

(j) dosis en gebruiksaanwysing, met inbegrip van ouderdoms- en spesiedosis;

(k) newe-effekte en spesiale voorsorgmaatreëls vir gebruik per spesie;

(l) bekende simptome van oordosering en besonderhede van die behandeling daarvan per spesie;

(m) voorwaardes vir registrasie;

(n) identifikasie;

(o) aanbieding;

(p) bergingsaanwysings (prakties geformuleer, met vermelding van bergingstemperature), met inbegrip van, waar toepaslik, die bergingstemperature daarvoor en besonderhede van die stabiliteit daarvan nadat die oorspronklike pakket oopgemaak is;

(q) registrasienommer, dit is—

(i) die nommer toegewys ingevolge artikel 15 (6); of

(ii) in die geval van 'n medisyne ten opsigte waarvan om registrasie aansoek gedoen is ingevolge artikel 14, die verwysingsnommer aan sodanige aansoek toegewys, gevolg deur die woorde '(Wet/Act 101/1965)';

(r) naam en besigheidsadres van die applikant;

(s) datum van publikasie van hierdie voubiljet;

Met dien verstande dat—

(i) indien die Raad bepaal dat daar geen toepaslike inligting onder 'n bepaalde opskrif verstrek moet word nie, sodanige opskrif met die goedkeuring van die Raad weggelaat kan word;

(ii) die Raad, wanneer 'n applikant by hom daarom aansoek doen, die afwyking van die formaat en inhoud van 'n voubiljet voorgeskryf as 'n voorwaarde vir registrasie van 'n medisyne kan magtig; en

(iii) die Raad, wanneer 'n applikant by hom daarom aansoek doen, die insluiting op 'n voubiljet van enige gespesifiseerde inligting waarvan sodanige insluiting nie by hierdie regulasie vereis word nie, kan magtig.''.

23. Die regulasies word hierby gewysig deur regulasie 42 (4) (c) deur die volgende te vervang:

''(c) die goedgekeurde naam en hoeveelheid van elke aktiewe bestanddeel van sodanig veterinêre medisyne in letters met 'n minimum leesbaarheid soos omskryf by regulasie 1 (v) van die regulasies;''.

(b) scheduling status, that is the scheduling status of the medicine as determined from time to time by the Minister;

(c) proprietary name (and dosage form);

(d) composition, that is the approved name of each active ingredient and the quantity thereof contained in a dosage unit or per suitable mass or volume or unit of the medicine, as well as the approved name and quantity of any bactericidal or bacteriostatic agent included in the medicine as a preservative (expressed as a percentage);

(e) pharmacological classification, that is the category, the number and the description of the classification as stated in regulations 4 and 5;

(f) pharmacological action, that is a description of the pharmacological action of the medicine;

(g) indications;

(h) contra-indications;

(i) warnings;

(j) dosage and directions for use, including age and species dosage;

(k) side-effects and special precautions for use per species;

(l) known symptoms of overdosage and particulars of its treatment per species;

(m) conditions of registration;

(n) identification;

(o) presentation;

(p) storage instructions (practically formulated and quoting storage temperatures), including, where applicable, the storage temperatures therefor and particulars of the stability thereof after opening of the original package;

(q) registration number, that is—

(i) the number allocated in terms of section 15 (6); or

(ii) in the case of a medicine the registration of which has been applied for in terms of section 14, the reference number allocated to such application, followed by the words '(Wet/Act 101/1965)';

(r) name and business address of the applicant;

(s) date of publication of this package insert:

Provided that—

(i) if the Council determines that there is no applicable information to be furnished under a particular heading, such heading may be omitted with the approval of the Council;

(ii) the Council may, on application to it by an applicant, authorise the deviation from the format and content of a package insert prescribed as a condition of registration of a medicine; and

(iii) the Counsil may, on application to it by an applicant, authorise the inclusion on a package insert of any specified information not required by this regulation to be so included.''.

23. The regulations are hereby amended by the substitution for regulation 42 (4) (c) of the following:

''(c) the approved name and quantity of each active ingredient of such veterinary medicine in lettering having a minimum legibility as defined in regulation 1 (vi) of the regulations;''.

24. Die regulasies word hierby gewysig deur Aanhangsels 7 en 10 van regulasie 46 deur die volgende Aanhangsels te vervang:

"AANHANGSEL 7

FINALE VULLOT

PROSESBESKRYWING VAN BEREIDING EN PRODUKSIE VAN FINALE VULLOT

Naam van applikant.....
Naam van medisyne .....
Beskrywende naam van medisyne .....

Die data wat volg, moet die volgende insluit:

(a) Die spesifikasies en toetsprosedures vir grondstowwe wat by die bereiding en produksie van die finale vullot gebruik word;

(b) 'n volledige beskrywing van die bereiding en vervaardiging van die finale vullot;

(c) die toestande waarin hierdie prosesse plaasvind;

(d) die voorsorgmaatreëls wat geneem word om die veiligheid en integriteit van die lot te handhaaf; en

(e) besonderhede van die verpakkingsproses."; en

"AANHANGSEL 10

BESKRYWING VAN VERDUNNER OF VLOEISTOF VIR HERSAMESTELLING

Naam van applikant.....
Naam van medisyne .....
Beskrywende naam van medisyne .....

Indien die biologiese medisyne in droë vorm vir verkoop aangebied word, word 'n volledige beskrywing vereis van—

(a) die samestelling in sy geheel;

(b) die grondstofspesifikasies;

(c) die toetsprosedures vir grondstowwe;

(d) die vervaardigingsproses;

(e) die houer en sluitmeganisme; en

(f) die eindprodukspesifikasies,

van enige oplossing deur die vervaardiger verskaf vir die hersamestelling van die droë biologiese medisyne voor gebruik.".

24. The regulations are hereby amended by the substitution of the following Annexures for Annexures 7 and 10 of regulation 46:

"ANNEXURE 7

FINAL FILLING LOT

PROCESS DESCRIPTION OF PREPARATION AND PRODUCTION OF FINAL FILLING LOT

Name of applicant.....
Name of medicine.....
Descriptive name of medicine.....

The data that follow shall include—

(a) the specifications and testing procedures for raw materials used in the preparation and production of the final filling lot;

(b) a complete description of the preparation and manufacture of the final filling lot;

(c) the conditions under which these processes take place;

(d) the precautionary measures taken to maintain the safety and integrity of the lot; and

(e) particulars of the packing process."; and

"ANNEXURE 10

DESCRIPTION OF DILUENT OR RECONSTITUTING FLUID

Name of applicant.....
Name of medicine.....
Descriptive name of medicine.....

If the biological medicine is offered for sale in a dried form, a complete description is required of—

(a) the composition in full;

(b) the raw material specifications;

(c) the testing procedures for raw materials;

(d) the manufacturing process;

(e) the container and closure; and

(f) the final product specifications,

of any solution supplied by the manufacturer for the reconstitution of the dried biological medicine before use.".

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING

No. 2246 **4 Oktober 1985**

WYSIGING VAN DIE GIDSPLAN VIR DIE VAALRIVIERKOMPLEKS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6A (19) van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), wysig ek, Jan Christiaan Heunis, hierby die Gidsplan vir die Vaalrivierkompleks deur die gebruiksaanwysing van 'n Deel van Gedeelte 64, groot 7 100 m^2, en 'n Deel van Gedeelte 137, groot 1 230 m^2, beide van die plaas Klipplaatdrift 601 IQ, distrik Vereeniging, van "Ontspanning en Toeriste-attraksies" na "Dorpsontwikkeling (uitgesonderd dorpsontwikkeling vir nywerheidsdoeleindes)" te verander.

Geteken te Pretoria op hede die 25ste dag van September 1985.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT AND PLANNING

No. 2246 **4 October 1985**

AMENDMENT OF GUIDE PLAN FOR THE VAAL RIVER COMPLEX

By virtue of the powers vested in me by section 6A (19) of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), I, Jan Christiaan Heunis, hereby amend the Guide Plan for the Vaal River Complex by changing the designation of a Part of Portion 64, in extent 7 100 m^2, and a Part of Portion 137, in extent 1 230 m^2, both of the farm Klipplaatdrift 601 IQ, District of Vereeniging, from "Recreation and Tourist Attractions" to "Township Development (excluding township development for industrial purposes)".

Signed at Pretoria this 25th day of September 1985.

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

No. 2247 **4 Oktober 1985**

WYSIGING VAN GIDSPLAN VIR DIE VAALRIVIERKOMPLEKS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6a (19) van die Wet of Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), wysig ek, Jan Christiaan Heunis, hierby die Gidsplan vir die Vaalrivierkompleks deur—

(a) die gebruiksaanwysing van 'n Deel van Gedeelte 64, groot ongeveer 1 590 m²; 'n Deel van Gedeelte 73, groot ongeveer 44 900 m²; en 'n Deel van Gedeelte 154, groot ongeveer 210 m², almal van die plaas Klipplaatdrift 601 IQ, distrik Vereeniging, van ''Ontspanning en Toeriste-attraksies'' na ''Dorpsontwikkeling (uitgesonderd dorpsontwikkeling vir nywerheidsdoeleindes)'' te verander; en

(b) die verslapping van die boulyn in Bylae C (2) van die Gidsplan vir die Vaalrivierkompleks van 100 m vanaf die basislyn tot 50 m vanaf die basislyn of die 1975-vloedlyn welke afstand ook al die grootste mag wees, ten opsigte van 'n Deel van Gedeeltes 64, 73 en 154 en Gedeeltes 62 en 145, almal van die plaas Klipplaatdrift 601 IQ, distrik Vereeniging, op voorwaarde dat die ontwikkeling nie die oewerbos langs die Vaalrivier indring nie.

Geteken te Pretoria op hede die 25ste dag van September 1985.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

No. 2199 **4 Oktober 1985**

BEPERKING OP TOEGANG TOT MILITÊRE PERSELE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 89 van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), beperk ek, Magnus André de Merindol Malan, Minister van Verdediging, toegang van alle persone tot die grond en wateroppervlakte beskryf in Bylae 1 hierby (en hierin na verwys as ''die gebied''), wat vir militêre of verdedigingsdoeleindes gebruik word, in die mate soos uiteengesit in die ''Voorwaardes van Toegang'' in Bylae 2 hierby.

M. A. DE M. MALAN,
Minister van Verdediging.

BYLAE 1

Dié gedeelte van die Indiese Oseaan en dié gedeelte van die land grensende aan die kus van die Indiese Oseaan wat deur die volgende grense ingesluit word:

A. Die landgebied begrens deur en bestaande binne 'n dekbeeldige lyn vanaf 'n punt 34° 30′ 28″ S, 20° 26′ 56″ O, volgende die kuslyn op laagwatermerk tot by 'n punt 34° 38′ 03″ S, 20° 16′ 10″ O, waarna dit die kuslyn volg maar 40 meter bokant hoogwatermerk tot by 'n punt 34° 39′ 07″ S, 20° 14′ 23″ O, waarna dit die volgende punte agtereenvolgens verbind:

34° 38′ 50″ S,	20° 13′ 56″ O,
34° 39′ 56″ S,	20° 13′ 33″ O,
34° 39′ 10″ S,	20° 12′ 55″ O,
34° 38′ 03″ S,	20° 12′ 42″ O,
34° 37′ 10″ S,	20° 13′ 02″ O,
34° 36′ 30″ S,	20° 13′ 56″ O,
34° 36′ 07″ S,	20° 16′ 24″ O,
34° 34′ 08″ S,	20° 14′ 12″ O,
34° 34′ 23″ S,	20° 13′ 26″ O,
34° 30′ 59″ S,	20° 13′ 08″ O,

No. 2247 **4 October 1985**

AMENDMENT OF GUIDE PLAN FOR THE VAAL RIVER COMPLEX

By virtue of the powers vested in me by section 6a (19) of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), I, Jan Christiaan Heunis, hereby amend the Guide Plan for the Vaal River Complex by—

(a) changing the designation of a Part of Portion 64, in extent approximately 1 590 m²; a Part of Portion 73, in extent approximately 44 900 m²; and a Part of Portion 154, in extent 210 m², all of the farm Klipplaatdrift 601 IQ, District of Vereeniging, from ''Recreation and Tourist Attractions'' to ''Township Development (excluding township development for industrial purpose)''; and

(b) the relaxation of the building line in Annexure C (2) of the Vaal River Complex Guide Plan from 100 m from the base line to 50 m from the base line or the 1975 flood line, whichever is the greater distance, in respect of a Part of Portions 64, 73 and 154 and Portions 62 and 145, all of the farm Klipplaatdrift 601 IQ, District of Vereeniging, on condition that the development does not intrude into the area of riverine vegetation along the Vaal River.

Signed at Pretoria this 25th day of September 1985.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE

No. 2199 **4 October 1985**

RESTRICTION OF ACCESS TO MILITARY PREMISES

By virtue of the powers vested in me by section 89 of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), I, Magnus André de Merindol Malan, Minister of Defence, hereby restrict the access of all persons to the area of land and water defined in Annexure 1 hereto (and referred to herein as ''the area'') which is used for military or defence purposes, to the extent as set out in the ''Conditions of Access'' in Annexure 2 hereto.

M. A. DE M. MALAN,
Minister of Defence.

ANNEXURE 1

That portion of the Indian Ocean and that portion of land adjoining the shore of the Atlantic Ocean which is included in the following boundaries:

A. The area of land bounded and comprised within an imaginary line drawn from 'n point 34° 30′ 28″ S, 20° 26′ 56″ E, following the coastline at the low-water mark to a point 34° 38′ 03″ S, 20° 16′ 10″ E, from where it follows the coastline 40 metres above the high-water mark to a point 34° 39′ 07″ S, 20° 14′ 23″ E, from where it joins the following points consecutively:

34° 38′ 50″ S,	20° 13′ 56″ E,
34° 39′ 56″ S,	20° 13′ 33″ E,
34° 39′ 10″ S,	20° 12′ 55″ E,
34° 38′ 03″ S,	20° 12′ 42″ E,
34° 37′ 10″ S,	20° 13′ 02″ E,
34° 36′ 30″ S,	20° 13′ 56″ E,
34° 36′ 07″ S,	20° 16′ 24″ E,
34° 34′ 08″ S,	20° 14′ 12″ E,
34° 34′ 23″ S,	20° 13′ 26″ E,
34° 30′ 59″ S,	20° 13′ 08″ E,

34° 28′ 16″ S,	20° 15′ 06″ O,
34° 26′ 11″ S,	20° 21′ 06″ O,
34° 27′ 20″ S,	20° 23′ 28″ O,
34° 30′ 28″ S,	20° 26′ 56″ O.

B. Die seegebied 500 meter reghoekig met die kuslyn vanaf die punt 34° 30′ 28″ S, 20° 26′ 56″ O tot by die punt 34° 35′ 05″ S, 20° 21′ 50″ O en die seegebied 5 000 meter (5 kilometer) reghoekig met die kuslyn vanaf laasgenoemde punt tot by die punt 34° 38′ 03″ S, 20° 16′ 10″ O.

BYLAE 2

VOORWAARDES VAN TOEGANG

1. Niemand mag die gebied binnegaan, daarbinne vertoef of dit verlaat sonder die toestemming van die Toetsbaanbestuurder nie.

2. Elke besoeker aan die gebied moet, ten einde homself te kan identifiseer, in besit wees van sy lewensboek of paspoort of enige ander geskikte amptelike dokument waarop 'n foto van die betrokkene verskyn.

3. Niemand mag op enige manier die gebied binnegaan of verlaat behalwe by 'n beheerde ingangs- of uitgangsplek nie.

4. Niemand mag enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig, vervoermiddel, houer, wapen, plofstof, splytbare stof, ontvlambare of brandbare stof, foto-, elektroniese-, verklik-, registerbeeld- of klankproduksie-apparaat, enige alkohol, verdowingsmiddel of enige privaat eiendom van enige aard hoegenaamd in die gebied inbring of daartoe aanleiding gee dat dit daarbinne gebring word, sonder die toestemming van die Toetsbaanbestuurder nie.

5. Enigeen wat verlang om die gebied binne te gaan of hom daarbinne bevind, en enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig, vervoermiddel, of houer in die sorg van so 'n persoon, of wat in die gebied gevind word, is onderworpe aan visentering.

6. Enige persoon wat hom binne die gebied bevind moet onmiddellik gehoor gee aan al die bevele en instruksies aan hom gegee deur die Toetsbaanbestuurder en moet in verband met enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig, vervoermiddel of houer waarvan hy die eienaar is of wat onder sy beheer is, optree soos beveel of aangesê, of sodanige bevel of instruksie nou ook al mondeling, skriftelik, per sein, kennisgewingbord of teken of padteken aan hom gegee word.

7. Geen persoon mag hom op 'n roekelose of nalatige manier gedra ten opsigte van enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig of vervoermiddel onder sy beheer nie, ook mag hy nie in beheer wees van enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig of vervoermiddel terwyl hy onder die invloed van alkohol, enige verdowingsmiddel of dwelmmiddel verkeer binne die gebied nie.

8. Geen persoon betrokke by enige ongeluk binne die gebied wat die dood of besering van enige persoon veroorsaak het of enige verlies of skade aan enige artikel of eiendom hoegenaamd veroorsaak het, mag die plek verlaat waar sodanige ongeluk plaasgevind het nie, ook mag hy nie enige vaartuig, lugvaartuig, voertuig, vervoermiddel, artikel of eiendom of enige deel daarvan daarvandaan verwyder sonder die toestemming van die Toetsbaanbestuurder nie.

9. Geen persoon wat hom binne die gebied bevind, mag weier om sy regte naam, adres, beroep, ouderdom en nasionaliteit te verstrek wanneer hy daarom deur die Toetsbaanbestuurder gevra word nie.

10. Niemand mag sonder toestemming van die Toetsbaanbestuurder, enige ballas, klippe, grond, klei, afval, as, vullis of vuilgoed van enige aard of enige artikel aflaai, neersit, stort of toelaat dat dit in die water, op die strand, op die walle van enige rivier of op enige plek op die grond van die gebied val nie.

34° 28′ 16″ S,	20° 15′ 06″ E,
34° 26′ 11″ S,	20° 21′ 06″ E,
34° 27′ 20″ S,	20° 23′ 28″ E,
34° 30′ 28″ S,	20° 26′ 56″ E.

B. The sea area that runs at right angles with the shore for a distance of 500 metres from the point 34° 30′ 28″ S, 20° 26′ 56″ E, to the point 34° 35′ 05″ S, 20° 21′ 50″ E, and the sea area that runs at right angles from the shore for a distance of 5 000 metres (5 kilometres) from the latter point to the point 34° 38′ 03″ S, 20° 16′ 10″ E.

ANNEXURE 2

CONDITIONS OF ACCESS

1. No person shall enter, remain within or leave the area without the permission of the Test Range Manager.

2. In order to identify himself every visitor to the area shall be in possession of his identity book or passport or any other suitable official document on which a photo of himself appears.

3. No person shall enter or leave the area in any manner other than at a controlled place of entry or exit.

4. No person shall bring or cause to be brought into the area or have in his possession any vessel, aircraft, vehicle, conveyance, container, weapon, explosive, fissionable material, inflammable or combustible material, photographic camera, electronic device, detecting, recording, pictorial or sound reproduction device, any alcohol, narcotic drugs or any private property of any description whatsoever without the permission of the Test Range Manager.

5. Any person desiring entry to or being within the area and any vessel, aircraft, vehicle, conveyance, or container in the charge of any such person or found in the area shall be liable to be searched.

6. Any person being within the area shall immediately comply with all the orders and directions given him by the Test Range Manager and shall deal with any vessel, aircraft, vehicle, conveyance or container of which he is the owner or which is under his control as so ordered or directed, whether such order or direction be given to him orally, in writing, by signal, notice-board or sign or road markings.

7. No person shall behave in a reckless or negligent manner in respect of any vessel, aircraft, vehicle or conveyance in his control nor be in control of any vessel, aircraft, vehicle or conveyance whilst under the influence of alcohol, any intoxicant or narcotic drug in the area.

8. No person involved in any accident in the area which has resulted in the death or injury of any person or in any loss or damage to any article or property whatsoever, shall leave the place of such accident or remove therefrom any vessel, aircraft, vehicle, conveyance, article, or property or any part thereof without the permission of the Test Range Manager.

9. No person being within the area shall refuse to furnish his correct name, address, occupation, age and nationality on being requested to do so by the Test Range Manager.

10. No person shall unload, deposit, dump or allow any ballast, stones, earth, clay, refuse, ashes, rubbish or dirt of any description or any article to fall into the waters, upon the shore, on the banks of any river or anywhere on the land of the area without the permission of the Test Range Manager.

11. Geen persoon toegelaat tot die gebied, of wat hom daarbinne bevind, mag na enige deel, gebou of seksie daarvan gaan, dit betree of daarbinne wees nie, behalwe dié waartoe hy toegang verleen is en hy mag geen eiendom van enige aard hoegenaamd ondersoek, inspekteer, daarmee peuter of dit verwyder sonder die toestemming van die Toetsbaanbestuurder nie.

12. Vir die doel van hierdie kennisgewing beteken—

(i) ''Toetsbaanbestuurder'' ook 'n persoon in beheer van die gebied sowel as enige sekerheidswag of ander persoon wat kragtens die instruksies van die Toetsbaanbestuurder optree;

(ii) ''vaartuig'' ook 'n skip, boot, ligter, trekskuit, barkas, vlot, jolboot, batisfeer, duikboot en enige ander vaartuig, houer en apparaat van enige aard, afgesien van grootte, hetsy selfaangedrewe of nie en hetsy onder regstreekse of afstandbeheer, wat op of onder die wateroppervlakte gebruik of aangewend mag word en sluit in 'n lugkussingvaartuig, draag- of vleuelvaartuig, vliegboot en enige toestel wat op water kan land of onder die wateroppervlakte gebruik kan word;

(iii) ''lugvaartuig'' ook enige ballon, enige vliegtoestel of vlieër en enige artikel wat deur die lug kan sweef, hetsy selfaangedrewe al dan nie, en hetsy onder regstreekse of afstandbeheer, afgesien van grootte.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 2195 **4 Oktober 1985**

Die Minister van Vervoerwese het ingevolge die bepalings van artikel 4 (2) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), mnr. G. J. Bernstein vir die tydperk 1 Julie 1985 tot 31 Desember 1986 as lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Durban, aangestel.

No. 2196 **4 Oktober 1985**

Die Minister van Vervoerwese het ingevolge die bepalings van artikel 4 (4) (a) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), mnr. A. I. K. Sauls met ingang van 1 Augustus 1985 as gekoöpteerde lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Oos-Londen aangestel.

No. 2197 **4 Oktober 1985**

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948 (Wet 44 van 1948), soos gewysig, mnr. E. F. Niksch as Kommissaris van Stedelike Vervoer vir die tydperk 1 Junie 1985 tot 28 Februarie 1986 aan te stel.

No. 2198 **4 Oktober 1985**

Die Minister van Vervoerwese het ingevolge die bepalings van artikel 4 (4) (a) van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), mnr. H. Clark met ingang van 1 Mei 1985 as gekoöpteerde lid van die Plaaslike Padvervoerraad, Pietermaritzburg aangestel.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 2226 **4 Oktober 1985**

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE KRAGTENS ARTIKEL 13A VAN DIE VAALRIVIER UITBREIDINGSKEMA WET, 1934

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13A van die Vaalrivier Uitbreidingskema Wet, 1934 (Wet 38 van 1934), dra ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, in

11. No person admitted to or being within the area shall proceed to, enter into or be in any part, building or section thereof other than that to which he has been permitted access and he shall not examine, inspect, tamper with or remove any property of any description whatsoever without the permission of the Test Range Manager.

12. For the purposes of these restrictions—

(i) ''Test Range Manager'' shall include any person in charge of the area and any security guard or other person acting on the instructions of the Test Range Manager;

(ii) ''vessel'' means ship, boat, lighter, barge, launch, raft, dinghy, bathysphere, submarine and any craft, container and device of any description irrespective of size whether self-propelled or not and whether under direct or remote control, that may be employed or used on or below the surface of water and includes a hovercraft, hydrofoil, flying boat and any device that is able to land on water or be used beneath the surface of water;

(iii) ''aircraft'' includes any balloon, any flying device or kite and any article that may become airborne, whether self-propelled or not, and whether under direct or remote control, irrespective of size.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 2195 **4 October 1985**

The Minister of Transport Affairs has in terms of section 4 (2) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), appointed Mr G. J. Bernstein as member of the Local Road Transportation Board, Durban, for the period 1 July 1985 to 31 December 1986.

No. 2196 **4 October 1985**

The Minister of Transport Affairs has in terms of section 4 (4) (a) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), appointed Mr A. I. K. Sauls as co-opted member of the Local Road Transportation Board, East London with effect from 1 August 1985.

No. 2197 **4 October 1985**

The State President has been pleased to appoint Mr E. F. Niksch as Commissioner of Urban Transport of the National Transport Commission in terms of section 3 of the Transport Co-ordination Act, 1948 (Act 44 of 1948), as amended, for the period 1 June 1985 to 28 February 1986.

No. 2198 **4 October 1985**

The Minister of Transport Affairs has in terms of section 4 (4) (a) of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), appointed Mr H. Clark as co-opted member of the Local Road Transportation Board, Pietermaritzburg with effect from 1 May 1985.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 2226 **4 October 1985**

DELEGATION OF POWERS IN TERMS OF SECTION 13A OF THE VAAL RIVER DEVELOPMENT SCHEME ACT, 1934

Under and by virtue of the powers vested in me by section 13A of the Vaal River Development Scheme Act, 1934 (Act 38 of 1934), I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, in

my hoedanigheid van Minister van Waterwese, hierby die bevoegdhede soos volledig hieronder beskryf, oor aan die bekleër en toekomstige bekleër van ondergenoemde pos in die Departement van Waterwese.

'n Verwysing na die bekleër van 'n besondere pos sluit ook in die bekleër van 'n pos senior aan die vermelde pos in die funksionele lyn. Goewermentskennisgewing 2061 van 7 Oktober 1977 word hierby herroep.

Artikel	*Bevoegdhede*	*Aan wie oorgedra*
6. (1)	Die uitreiking van 'n permit aan 'n persoon, wat onderworpe aan die voorwaardes in die permit vermeld, daardie persoon magtig om 'n bepaalde hoeveelheid water uit die omvang van die werke te neem en—	
	(i) vir huishoudelike doeleindes of veesuiping te gebruik, op grond in die permit vermeld, ooreenkomstig riglyne wat vooraf deur die Minister bepaal is	Seksie-ingenieur (Vaalrivier).
	(ii) vir enige doel op enige grond in die permit vermeld te gebruik	Besturende Ingenieur (Watervoorsiening).

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Waterwese.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 619 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983 (WET 6 VAN 1983)

Die Minister van Mannekrag publiseer hierby, op aanbeveling van die Adviesraad vir Beroepsveiligheid, die volgende Konsep Asbesregulasies vir algemene inligting en kommentaar.

Enige kommentaar of vertoë daaromtrent moet binne 90 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelike en in duplikaat by die Direkteur-generaal: Mannekrag, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, ingedien word.

KONSEP ASBESREGULASIES

Woordomskrywings

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Wet op masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), en het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"aksievlak" 'n konstrasie van 'n stof in die lug van die werkplek wat duidelik onder die blootstellingslimiet vir daardie stof is en wat sodanig is dat die blootstelling van persone daaraan nie die toepassing van al die voorgeskrewe voorkomingsmaatreëls noodsaak nie;

"aksievlak vir asbes" 'n aksievlak van 0,5 vesels van inasembare asbes per milliliter lug, gemeet volgens AIA RTM1;

"AIA RTM1" die metode om die konsentrasie van inasembare asbesvesels te bepaal soos gespesifiseer in die publikasie "Reference Method for the Determination of Airborne Asbestos Fibre Concentrations at Workplaces by Light Microscopy (Membrane Filter Method)," gepubliseer deur die Asbestos International Association as "Recommended Technical Method No. 1 (RTM1)" Januarie 1982;

my capacity as Minister of Water Affairs, hereby delegate the powers, fully described hereunder, to the incumbent and future incumbent of the undermentioned post in the Department of Water Affairs.

A reference to the incumbent of a particular post, also includes the incumbent of a post senior to the said post in the functional line. Government Notice 2061 of 7 October 1977 is hereby withdrawn.

Section	*Powers*	*To whom delegated*
6. (1)	The issue of a permit to a person which, subject to the conditions specified in the permit, authorises that person to abstract a specified quantity of Water from the limits of the works and—	
	(i) use it for domestic and stock watering purposes on land specified in the permit, in accordance with guidelines determined by the Minister in advance	Circle Engineer (Vaal River).
	(ii) use it for any purpose on any land specified in the permit	Managing Engineer (Water Supply).

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Water Affairs.

GENERAL NOTICES

NOTICE 619 OF 1985

DEPARTMENT OF MANPOWER

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983 (ACT 6 OF 1983)

The Minister of Manpower, on the recommendation of the Advisory Council for Occupational Safety, hereby publishes the following Draft Asbestos Regulations for general information and comment.

Any comments or representations thereanent should be lodged in writing and in duplicate with the Director-General: Manpower, Private Bag X117, Pretoria, 0001, within 90 days from the date of publication of this notice.

DRAFT ASBESTOS REGULATIONS

Definitions

1. In these regulations "the Act" means the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983), and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have the meaning so assigned and, unless the context indicates otherwise—

"action level" means a concentration of a substance in the workplace air that is distinctly below the exposure limit for that substance, and which is such that the exposure of persons thereto does not necessitate the application of all the prescribed preventive measures;

"action level for asbestos" means an action level of 0,5 fibres of respirable asbestos per millilitre of air, measured in accordance with AIA RTM1;

"AIA RTM1" means the method of determining airborne respirable asbestos fibre concentration specified in the publication "Reference Method for the Determination of Airborne Asbestos Fibre Concentrations at Workplaces by light Microscopy (Membrane Filter Method)," published by the Asbestos International Association as "Recommended Technical Method No. 1 (RTM1)" January 1982;

"Aanhangsel" 'n aanhangsel van hierdie regulasies;

"asbes" enige of 'n mengsel bevattende een of meer van die volgende mineraal silikate:

Aktinoliet
Amosiet
Antofilliet
Chrisotiel
Krokidoliet
Tremoliet;

"asbesstof" deeltjies luggedraagde asbesstof of stof van materiale wat asbes bevat of deeltjies van sodanige stowwe wat uitgesak het en wat in die lug gesuspendeer kan word;

"bouwerk" bouwerk soos omskryf in regulasie 1 van die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984;

"afdelingsinspekteur" die afdelingsinspekteur soos omskryf in regulasie 1 van die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984;

"blootstellingsdrempel" die maksimum toelaatbare konsentrasie van 'n stof in die lug in 'n werkplek, gemeet volgens 'n voorgeskrewe metode;

"blootstellingsdrempel vir asbes" 'n blootstellingsdrempel van een vesel inasembare asbes per milliliter lug, gemeet volgens AIA RMT1;

"blootstelling aan asbesstof" blootstelling aan stof wat bestaan uit of wat inasembare asbesvesel bevat; en "blootgestel" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"inasembare asbesvesel" 'n asbesdeeltjie met 'n lengte tot wydte verhouding groter as drie tot een en in lengte groter as vyf mikrometer en in diameter minder as drie mikrometer;

"tyd-beswaarde gemiddelde" die gemiddelde van 'n aantal verteenwoordigende metings geneem oor 'n bepaalde tydperk en bereken volgens AIA RTM1.

Blootstelling aan asbesstof

2. Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat enige werknemer werk in 'n omgewing waarin die tyd-beswaarde gemiddelde konsentrasie van inasembare asbesvesels, bepaal vir 'n tydperk van agt uur, die blootstellingsdrempel vir asbes oorskry nie: Met dien verstande dat waar die tydperk van blootstelling meer as of minder as agt uur is, die gemiddelde konsentrasie vir sodanige tydperk bepaal moet word deur die gemete konsentrasie te vermenigvuldig met 'n faktor gelyk aan die blootstellingstydperk in ure gedeel deur agt uur.

Toepassingsbestek

3. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), is hierdie regulasies van toepassing op alle werkgewers wat asbes gebruik of prosesseer in onverwerkte minerale vorm, en ook op alle werkgewers wat materiale prosesseer wat asbes bevat.

(2) Die bepalings van regulasies 7, 8 en 17 is nie van toepassing nie op werkgewers wat net by geleentheid en bykomstig tot hul hoofaktiwiteit, materiale prosesseer wat asbes bevat.

(3) Indien, na die mening van 'n inspekteur, die inasembare konsentrasie van asbesvesels in die lug by enige werkplek, behalwe 'n werkplek waar asbes in onverwerkte minerale vorm geprosesseer word—

(i) laer is as die aksievlak vir asbes, en

(ii) geen noemenswaardige nadelige verandering moontlik sal plaasvind in die prosessering van asbes of materiaal wat asbes bevat by sodanige werkplek nie,

"Annexure" means an annexure to these regulations;

"asbestos" means any, or any mixture containing, one or more of the following forms of mineral silicates:

Actinolite
Amosite
Anthophyllite
Chrysotile
Crocidolite
Tremolite;

"asbestos dust" means airborne particles of asbestos or of materials containing asbestos, or settled particles of such substances which may become airborne in the workplace;

"building work" means building work as defined in regulation 1 of the General Administrative Regulations published under Government Notice No. R. 2206 of 5 October 1984;

"divisional inspector" means the divisional inspector as defined in regulation 1 of the General Administrative Regulations published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984;

"exposure limit" means the maximum allowable concentration of a substance in workplace air, measured in accordance with a prescribed method;

"exposure limit for asbestos" means an exposure limit of one fibre of respirable asbestos per millilitre of air, measured in accordance with AIA RTM1;

"exposure to asbestos dust" means exposure to dust consisting of or containing respirable asbestos fibres; and "exposed" shall have a corresponding meaning;

"respirable asbestos fibre" means a particle of asbestos with a length to width ratio greater than three to one and a length greater than five micrometre and a diameter less than three micrometre;

"time-weighted average" means the average of a number of representative measurements take over a period of time and calculated in accordance with AIA RTM1;

Exposure to asbestos dust

2. No employer shall require or permit any employee to work in an environment in which the time-weighted average concentration, calculated for a period of eight hours, of respirable asbestos fibres exceeds the exposure limit for asbestos: Provided that, where the period of exposure is more than or less than eight hours, the average concentration for such a period shall be calculated by multiplying the measured concentration by a factor equal to the exposure period in hours divided by eight hours.

Scope of application

3. (1) Subject to the provisions of subregulations (2) and (3), these regulations apply to all employers who use or process asbestos in raw mineral form, and also to all employers who process materials containing asbestos.

(2) The provisions of regulations 7, 8 and 17 shall not apply to employers who only occasionally and incidental to their main activity process materials containing asbestos.

(3) If, in the opinion of an inspector, the airborne respirable asbestos fibre concentration at any workplace, except a workplace where asbestos in raw mineral form is processed—

(i) is lower than the action level for asbestos; and

(ii) no substantial adverse change is likely to occur in the processing of asbestos or material containing asbestos at such a workplace,

dan kan sodanige inspekteur, by skriftelike kennisgewing aan die werkgewer, verklaar dat die bepalings van regulasies 7 en 8 van hierdie regulasies nie van toepassing is op sodanige werkplek nie: Met dien verstande dat sodanige kennisgewing te enige tyd deur 'n inspekteur teruggetrek of gewysig kan word waar hy rede het om te glo dat die toestande bedoel in paragrawe (i) en (ii) nie en meer van toepassing is op daardie werkplek nie.

Verbod op sproei, skoonblaas, ens.

4. (1) Niemand mag asbes deur middel van 'n sproeiproses aanwend of van 'n ander persoon vereis of hom toelaat om asbes deur middel van 'n sproeiproses aan te wend nie.

(2) Niemand mag saamgeperste lug gebruik om asbesstof van enige oppervlakte te verwyder of van 'n ander persoon vereis of hom toelaat om saamgeperste lug te gebruik om asbesstof van enige oppervlakte te verwyder nie.

(3) Tensy 'n werkgewer 'n spesiale plek daarvoor voorsien, mag niemand rook, eet of drink by 'n werkplek waar asbes of enige materiaal wat asbes bevat, geprosesseer word of van 'n ander persoon vereis of hom toelaat om by so 'n werkplek te rook, eet of drink nie.

Pligte van werkgewers

5. Iedere werkgewer bedoel in regulasie 3 (1) moet toesien dat alle persone by hom in diens—

(a) bewus is van hierdie regulasies; en

(b) ten tyde van die aanvang van hul diens en met tussenposes daarna in kennis gestel word van die asbesgevaar verbonde aan die take aan hulle toegewys, en van die maatreëls wat geneem moet word om skade aan hulle gesondheid te voorkom.

Pligte van werknemers

6. Iedere werknemer wat werk met of naby asbes of materiale wat asbes bevat, moet gehoor gee aan enige instruksies aan hom gegee deur of namens sy werkgewer aangaande—

(a) die voorkoming van vrylating van asbesstof in die atmosfeer;

(b) die dra en gebruik van persoonlike beskermende toerusting en klerasie soos voorgeskryf deur hierdie of enige ander regulasies; en

(c) die dra van persoonlike monsternemers waanneer nodig om persoonlike blootstelling aan asbesstof te meet.

Monitering by die werkplek

7. (1) Iedere werkgewer bedoel in regulasie 3 (1) moet toesien dat die konsentrasie van inasembare asbesvesels in die lug by elke werkplek gemeet word in ooreenstemming met die bepalings van hierdie regulasie.

(2) Die metings bedoel in subregulasie (1) moet—

(a) uitgevoer word ooreenkomstig AIA RTM1;

(b) verteenwoordigend wees van die persoonlike blootstelling van werknemers aan inasembare asbesvesels in die werkplek;

(c) uitgevoer word op 'n tyd wat bepaal is na oorlegpleging met die veiligheidskomitee ingestel ingevolge artikel 10 van die Wet vir daardie werkplek;

(d) deur 'n behoorlik opgeleide persoon uitgevoer word; en

(e) ten minste elke maand uitgevoer word: Met dien verstande dat die frekwensie van meting soos volg verminder kan word:

(i) Waar vier opeenvolgende maandelikse metings van minder as 0,5 inasembare asbesvesels per milliliter lug aangeteken is, metings elke 12 maande; en

then such inspector may, by notice in writing to such an employer, declare that the provisions of regulations 7 and 8 of these regulations shall not apply to such a workplace: Provided that such a notice may be revoked or amended by an inspector at any time where he has reason to believe that the conditions contemplated in paragraphs (i) and (ii) no longer apply to that workplace.

Prohibition of spraying, blow-cleaning, etc.

4. (1) No person shall apply asbestos by means of a spraying process or require or permit any other person to apply asbestos by means of a spraying process.

(2) No person shall use compressed air to remove asbestos dust from any surface or require or permit any other person to use compressed air to remove asbestos dust from any surface.

(3) Unless an employer provides a special place for this purpose, no person shall smoke, eat or drink at a workplace where asbestos or any material which contains asbestos is processed or require or permit any other person to smoke, eat or drink at such a workplace.

Duties of employers

5. Every employer contemplated in regulation 3 (1) shall ensure that all persons employed by him are—

(a) aware of these regulations;

(b) at the commencement of their employment and periodically thereafter informed of the asbestos hazard associated with the tasks assigned to them, and of the measures to be taken to prevent damage to their health.

Duties of employees

6. Every employee who works with or near to asbestos or materials containing asbestos, shall abide by any instructions given to him by or on behalf of his employer regarding—

(a) the prevention of asbestos dust release into the environment;

(b) the wearing and use of personal protective equipment and clothing as prescribed by these or any other regulations; and

(c) the wearing of personal samplers when necessary to measure personal exposure to asbestos dust.

Monitoring in the workplace

7. (1) Every employer contemplated in regulation 3 (1) shall ensure that the concentration of respirable asbestos fibres in the air at every workplace is measured in accordance with the requirements of this regulation.

(2) The measurements contemplated in subregulation (1) shall be—

(a) carried out in accordance with AIA RTM1;

(b) representative of the personal exposure of employees to respirable asbestos fibres in the workplace;

(c) carried out at a time determined after consultation with the safety committee established in terms of section 10 of the Act for that workplace;

(d) carried out by a suitably skilled person; and

(e) carried out at least once every month: Provided that the frequency of measurement may be decreased as follows:

(i) Where four consecutive monthly measurements of less than 0,5 respirable asbestos fibres per millilitre of air are recorded, measured at least once every 12 months; and

(ii) waar vier opeenvolgende maandelikse metings van meer as 0,5 maar minder as een inasembare asbesvesel per milliliter lug aangeteken word, metings minstens elke ses maande geneem kan word:

Met dien verstande verder dat wanneer enige lesing van meer as een inasembare asbesvesel per milliliter aangeteken word, of daar 'n wesentlike verandering in die werkmetode by daardie werkplek ingestel word, of wanneer asbesstof per ongeluk in die werkplek vrygestel word, moet maandelikse metings weer hervat word.

(3) 'n Werkgewer moet—

(a) jaarliks, voor 30 Junie van elke jaar, die afdelingsinspekteur voorsien van 'n opgawe van die resultate van metings geneem ter nakoming van hierdie regulasie;

(b) 'n rekord hou, wat toeganklik is vir 'n inspekteur, van alle metings geneem ter nakoming van hierdie regulasie;

(c) 'n verteenwoordigende monster van die gereelde lesings wat ter nakoming van hierdie regulasie geneem is laat verifieer deur 'n buite en onafhanklike goedgekeurde inspeksie-owerheid met tussenposes van nie meer as ses maande nie, en sodanige verifikasie moet aangeteken word in die opgawe bedoel in paragraaf (b) hiervan: Met dien verstande dat waar metings ooreenkomstig subregulasie (2) (e) (i) elke 12 maande gedoen word, elke sodanige meting so geverifieer moet word; en

(d) die rekord bedoel in paragraaf (b) hiervan vir 'n tydperk van minstens drie jaar hou.

(4) Die metings ingevolge subregulasie (2) kan gesamentlik uitgevoer word waar groepe werknemers identiese of soortgelyke take by dieselfde werkplek verrig en derhalwe aan dieselfde gevaar ten opsigte van hul veiligheid blootgestel is.

Blootstellingsregister

8. Iedere werkgewer bedoel in regulasie 3 (1) moet—

(a) 'n rekord hou waarin hy die name aanteken van alle werknemers wat in die loop van hul diens blootgestel is aan inasembare asbesvesels, met 'n aanduiding van die aard en duur van die werk en die blootstelling waaraan hulle onderwerp is;

(b) toegang tot hierdie rekord ten opsigte van 'n besondere werknemer beskikbaar stel aan 'n geregistreerde mediese praktisyn op skriftelike versoek van sodanige werknemer;

(c) 'n afskrif van hierdie rekord beskikbaar hou vir ondersoek deur 'n inspekteur; en

(d) sodanige rekord byhou en bewaar vir 'n minimum tydperk van 40 jaar en, waar die werkgewer sy bedrywighede staak, moet hy sodanige rekord aan die afdelingsinspekteur stuur.

Persoonlike beskermende toerusting

9. (1) Iedere werkgewer wat slegs toevallig en bykomstig tot sy hoofbedrywigheid materiaal wat asbes bevat prosesseer, moet elke werknemer wat by sodanige prosessering betrokke is, voorsien van respiratoriese toerusting wat voldoen aan 'n veiligheidstandaard wat vir die hoofinspekteur aanvaarbaar is.

(2) Iedere werkgewer wat asbes of materiale wat asbes bevat prosesseer, moet iedere werknemer wat by sodanige prosessering betrokke is, voorsien van beskermende klere van 'n tipe wat nie geredelik asbesvesels behou nie.

(ii) where four consecutive monthly measurements of more than 0,5 but less than one respirable asbestos fibre per millilitre of air are recorded, measured at least once every six months:

Provided further that, whenever any measurement in excess of one respirable asbestos fibre per millilitre of air is recorded, or a substantial change in the operating procedure is effected at that workplace, or whenever asbestos dust is inadvertently released into the workplace, monthly measurements shall be resumed.

(3) An employer shall—

(a) annually, before 30 June of every year, furnish the divisional inspector with a return of the results of the measurements taken in compliance with this regulation;

(b) keep a record, which shall be open for inspection by an inspector, of all measurements taken in compliance with this regulation;

(c) have a representative sample of the regular measurements taken in compliance with this regulation verified by an outside and independent approved inspection authority at intervals of not less than six months, and such verification shall be endorsed in the record contemplated in paragraph (b) hereof: Provided that where measurements are taken every 12 months in accordance with subregulation (2) (e) (i), every such measurement shall be so verified; and

(d) retain the record contemplated in paragraph (b) hereof for a period of at least three years.

(4) The measurements in terms of subregulation (2) may be carried out collectively where groups of employees are performing identical or similar tasks at the same workplace and are thus exposed to the same risk to their safety.

Exposure register

8. Every employer contemplated in regulation 3 (1) shall—

(a) keep a record into which he shall enter the names of all employees exposed to respirable asbestos fibres during the course of their employment, indicating the nature and duration of work and the exposure to which they have been subjected;

(b) provide access to this record with respect to a particular employee upon the written request of such an employee, to a registered medical practitioner;

(c) have a copy of this record available for inspection by an inspector; and

(d) keep and maintain such records for a minimum of 40 years and, where the employer ceases his activities, he shall submit such records to the divisional inspector.

Personal protective equipment

9. (1) Every employer who only occasionally and incidental to his main activity processes any material containing asbestos, shall provide every employee engaged in such processing with respiratory equipment which conforms to a safety standard acceptable to the chief inspector.

(2) Every employer who processes asbestos or materials containing asbestos, shall provide every employee engaged in such processing with protective clothing of a type which does not readily retain asbestos fibres.

(3) Waar die monitering wat ingevolge regulasie 7 gedoen word, te enige tyd 'n resultaat lewer wat 'n konsentrasie van meer as twee inasembare asbesvesels per mililiter in die lug van 'n werkplek toon, of twee resultate op twee agtereenvolgende dae wat die blootstellingslimiet vir asbes oorskry, of wanneer asbesstof per ongeluk in 'n werkplek vrygestel word, moet die werkgewer in so 'n werkplek, as 'n tydelike maatreël en nie as 'n alternatief vir tegniese kontrole nie, iedere werknemer in so 'n werkplek voorsien van respiratoriese toerusting wat voldoen aan 'n veiligheidstandaard wat vir die hoof inspekteur aanvaarbaar is, en hy moet toesien dat sodanige toerusting gebruik word totdat twee agtereenvolgende resultate onder die blootstellingslimiet verkry is.

(4) Iedere werkgewer moet—

(a) toesien dat persoonlike beskermende toerusting en klere behoorlik in stand gehou en gebruik word, en poog om die dra-aanvaarbaarheid daarvan te verbeter, waar nodig;

(b) toesien dat geen respiratoriese toerusting of beskermende klere heruitgereik word vir gebruik deur 'n ander persoon nie, tensy dit deeglik skoongemaak en gedien is deur toepaslike opgeleide persone en, in die geval van respiratoriese toerusting, ook ontsmet is;

(c) stofvrye houers en stoorfasiliteite vir beskermende toerusting voorsien wanneer dit nie in gebruik is nie wat so is dat daar geen gevaar van besoedeling deur asbesstof gedurende opberging kan plaasvind nie;

(d) alle werknemers wat aan asbesstof blootgestel word voorsien van toepaslike en genoegsame was- en toilet fasiliteite aangrensend aan 'n aparte kleedkamer;

(e) iedere werknemer aldus blootgestel voorsien van twee aparte stofvrye sluitkaste gemaak van ondeurdringbare materiaal, wat apart geëtiketteer is vir "beskermende klere" en "persoonlike klere" en toesien dat sodanige klerasie apart gehou word in die aangewese sluitkas; en

(f) stofsuiers vir voorlopige ontstoffing van beskermende klere by die ingang tot die kleedkamer voorsien en sodanige klere moet dan verwyder word en slegs in die kleedkamer gebêre word.

(5) Iedere werkgewer bedoel in subregulasie (1) of (2) moet voorsiening maak vir die skoonmaak van beskermende klere, soos volg:

(a) Waar sodanige klere op die perseel skoongemaak word, moet voorsorg getref word om die vrylating van asbesstof gedurende hantering, vervoer en skoonmaak te voorkom;

(b) waar sodanige klere gestuur word om skoongemaak te word weg van die perseel af, of na 'n wassery op 'n kontrakbasis, moet die kledingstukke in stofdigte houers geplaas word en sodanige houers moet by die nek vasgebind wees en duidelik aangedui word as klerasie wat met asbes besoedel is;

(c) waar van 'n wassery op kontrakbasis gebruik gemaak word, moet daar toegesien word dat die kontrakteur ten volle op die hoogte is van en verstaan hoe om met asbesbesoedelde klerasie te werk; en

(d) 'n werknemer mag nie toegelaat word om beskermende klere of toerusting om watter rede ook al van die perseel te verwyder nie.

Etiketterting om watter rede ook al van die perseel te verwyder nlíng en inligting

10. Niemand mag enige asbes-bevattende artikel verkoop nie tensy dit duidelik gemerk is met 'n waarskuwingsetiket in die vorm van Aanhangsel 1, en waar sodanige artikel waarskynlik voor of na gebruik verwerk sal word, moet dit

(3) Where the monitoring done in compliance with regulation 7 at any time yields a result which indicates a concentration of more than two respirable asbestos fibres per millilitre in the air of a workplace, or two results within two consecutive days in excess of the exposure limit for asbestos, or whenever asbestos dust is inadvertently released into a workplace, the employer in such a workplace shall, as a temporary measure and not as an alternative to technical control, provide every employee in such a workplace with respiratory equipment which conforms to a safety standard acceptable to the chief inspector and he shall ensure that such equipment remains in use until two such consecutive results below the exposure limit are obtained.

(4) Every employer shall—

(a) ensure that personal protective equipment and clothing are properly maintained and used, and seek to improve its wearer-acceptability where necessary;

(b) ensure that no respiratory equipment or protective clothing is re-issued for use by another person unless it has been thoroughly cleaned and serviced by appropriately trained persons and, in the case of respiratory equipment, also disinfected;

(c) provide dust-free containers and storage facilities for protective equipment and clothing when not in use such that there is no risk of pollution by asbestos dust during storage;

(d) provide all employees exposed to asbestos dust with appropriate and adequate washing and toilet facilities adjacent to a separate change-room;

(e) provide every employee thus exposed with two separate dust-free lockers, constructed of impervious material, separately labelled "protective clothing" and "personal clothing", and ensure that such clothing are kept separately in its appropriate lockers; and

(f) provide vacuum-cleaners for preliminary dedusting of protective clothing at the entrance to the change-room and such clothing shall then be removed and stored in the change-room only.

(5) Every employer contemplated in subregulation (1) or (2) shall make provision for the laundering of protective clothing as follows:

(a) Where such clothing is laundered on the premises, care shall be taken to prevent the emission of asbestos dust during handling, transport and laundering;

(b) where such clothing is sent for laundering outside the premises or to a contract laundry, the clothing shall be packed in dust-free containers, and such containers shall be secured at the neck and clearly identified as containing asbestos-contaminated clothing;

(c) where a contract laundry is employed, care shall be taken that the contractor fully understands the precautions necessary for handling asbestos-contaminated clothing; and

(d) an employee shall not be permitted to remove protective clothing or equipment from the premises for any reason whatsoever.

Labelling and information

10. No person shall sell any asbestos-containing article unless it is clearly labelled with a warning label in the form of Annexure 1 and, where such an article is likely to be adapted before or during use, it shall also be accompanied

ook vergesel wees van 'n veiligheidsdatakaart in beide amptelike tale wat sodanige inligting bevat soos samestelling en instruksies betreffende hantering, stapeling, sny, masjinering, boor, opruiming en werksgereedskap.

Opvoeding en opleiding

11. Iedere werkgewer moet toesien dat alle werknemers wat met of naby asbes of asbesbevattende materiale werk sistematies en deeglik ingelig en opgelei word by die aanvang van hul indiensneming en periodiek daarna in verband met—

(a) die bronne van asbesstof blootstelling;

(b) potensiële gesondheidsgevare;

(c) die risiko's verbonde aan asbesstof blootstelling gekoppel met die rookgewoonte; en

(d) die voorsorg wat geneem moet word om hulle teen die effek van asbesstof te beskerm wat die dra en gebruik van beskermende klere en respiratoriese toerusting insluit.

Sloping

12. 'n Werkgewer wat sloping of verandering aan enige bouwerk doen wat asbesbekleding of -isolering bevat, moet voor die aanvang van sodanige werk, toesien dat—

(a) alle asbes en asbesbevattende materiaal wat moontlik in die lug vrygestel kan word, geïdentifiseer is;

(b) 'n werksplan opgetrek word, wat die maatreëls beskryf wat nodig is om die veiligheid en gesondheid van die werknemers by daardie werkplek te verseker; en

(c) 'n afskrif van sodanige werksplan aan die afdelingsinspekteur vir goedkeuring voorgelê word minstens 30 dae voordat sodanige werk 'n aanvang neem: Met dien verstande dat 'n inspekteur, na goeddunke, 'n korter tydperk vir sodanige voorlegging kan toelaat.

Prosessering van asbes-bevattende materiale

13. Iedere werkgewer wat materiale verwerk wat asbes bevat, moet toesien dat—

(a) waar 'n groot hoeveelheid werk gedoen moet word op materiale wat asbes bevat, sodanige werk gedoen word op 'n gedeelte van die werksperseel wat spesifiek vir daardie doel opsy gesit is, en, waar prakties moontlik, behoorlik afgesonder is;

(b) sodanige prosessering gedoen word met gereedskap wat spesiaal ontwerp is om die vrystelling van stof te verminder, of met gereedskap wat voorsien is van uitsuig- en filtreringstoerusting vir stof; en

(c) alle materiaal wat op die perseel gebruik gaan word op so 'n wyse geëtiketteer is dat werknemers op die potensiële gesondheidsgevare en op die toepaslike voorsorgmaatreëls wat geneem moet word, bedag gemaak word.

Kontrole ten opsigte van asbesstof

14. Iedere werkgewer moet die blootstelling van persone aan asbesstof in die werkomgewing beheer en voorkom, en met hierdie doel voor oë moet hy geboue, installasies, masjinerie en werkplekke toerus en instand hou, en die werk sodanig organiseer dat die werkomgewing so min as moontlik besoedel word deur asbesstof en, verder, moet hy verseker dat sodanige blootstelling sover as wat redelik moontlik is beperk word maar ten minste tot binne die blootstellingslimiet vir asbes, veral deur die toepassing van die volgende maatreëls, waar van toepassing:

(a) Asbes en materiaal wat asbes bevat wat by die werkplek gebruik word, moet beperk word tot die minimum hoeveelheid wat redelikerwys uitvoerbaar is;

(b) die aantal werknemers wat blootgestel word of wat moontlik blootgestel kan word aan stof wat ontstaan van asbes of materiale wat asbes bevat, moet beperk word tot die laagste moontlike aantal;

by a safety data sheet in both official languages containing such information as composition and instructions on handling, stacking, cutting, machining, drilling, disposal and working tools.

Education and training

11. Every employer shall ensure that all employees who work with or near to asbestos or asbestos-containing materials are systematically and thoroughly informed and trained at the commencement of their employment and periodically thereafter with regard to—

(a) sources of asbestos dust exposure;

(b) potential effects on health;

(c) the risks associated with asbestos dust exposure coupled with smoking; and

(d) the precautions to be taken to protect them against the effects of asbestos dust, including the wearing and use of protective clothing and respiratory equipment.

Demolition

12. An employer engaged in demolition or alteration work to any structure containing asbestos lagging or insulation, shall, before the commencement of such work, ensure that—

(a) all asbestos and asbestos-containing material liable to become airborne is identified;

(b) a plan of work is drawn up, describing the measures necessary to ensure the safety and health of the employees at that workplace; and

(c) a copy of such a plan of work is submitted to the divisional inspector for approval at least 30 days prior to the commencement of any such work: Provided that an inspector may, at his discretion, allow a shorter period of time for such submission.

Processing of asbestos-containing materials

13. Every employer engaged in processing materials containing asbestos, shall ensure that—

(a) where a large amount of work has to be carried out on materials containing asbestos, such work is done on a portion of the work site specifically set aside for that purpose and, where practicable, suitably isolated;

(b) such processing is done only with tools specially designed to minimise the creation of dust, or with tools fitted with dust extraction and filtration equipment; and

(c) all materials to be used on site which contains asbestos are labelled in such a way as to alert employees to the potential health hazards involved and to the appropriate precautions to be taken.

Control of asbestos dust

14. Every employer shall control and prevent the exposure of persons to asbestos dust in the working environment, and to this end he shall equip and maintain buildings, installations, machinery and workplaces, and organise work in such a way that the working environment is contaminated as little as possible by asbestos dust and, further, he shall ensure that such exposure of employees is limited as far as is reasonable practicable but at least to within the exposure limit for asbestos, in particular through application of the following measures, where appropriate:

(a) Asbestos and asbestos-containing material used at the workplace shall be limited to the minimum quantity which is reasonably practicable;

(b) the number of employees exposed or likely to be exposed to dust arising from asbestos or materials containing asbestos shall be limited to the lowest possible figure;

(c) ingenieurskontroles moet insluit, waar uitvoerbaar, meganiesehantering, uitsuigventilasie, filtrering of herontwerp van die proses of toerusting om asbesstofvrylating uit te skakel, te beheer of op te vang deur middel van die volgende, waar toepaslik:

(i) Prosesafbakening, outomatisasie, of insluiting;

(ii) verbinding van asbesvesels met ander materiale om die opwekking van stof te verhoed;

(iii) ter plaatse uitsuigventilasie van prosesse, toerusting en gereedskap om die verspreiding van stof te keer;

(iv) gebruik van natmetodes waar toepaslik; en

(v) afsonderlike werkplekke vir verskillende prosesse;

(d) toepaslike werksprosedures moet gevolg word waar materiale of prosesse gebruik word wat aanleiding kan gee tot asbesstof in die werksomgewing en sodanige werksprosedures moet insluit—

(i) vereistes vir die gebruik en instandhouding van prosesmasjinerie, installasies, toerusting, gereedskap, plaaslike uitsuig- en ventilasiestelsels ooreenkomstig staande instruksies;

(ii) bevogtiging, waar toepaslik, van asbesprodukte en materiale by werkplekke voor en gedurende prosessering, hantering, gebruik, skoonmaak, afstroop of verwydering;

(iii) gereelde skoonmaak van masjinerie en werksgebiede deur stofsuiers, waar uitvoerbaar, andersins met besems en nat saagsels of soortgelyke materiaal;

(iv) korrekte gebruik van persoonlike beskermende toerusting, en

(v) 'n stelsel waarvolgens verandering in werksprosedures of -prosesse wat die noodsaaklikheid van vroeë korrektiewe aksie aandui, geredelik geïdentifiseer kan word.

Verpakking, vervoer en opberging

15. Iedere werkgewer moet—

(a) toesien dat alle los asbes en afvalmateriaal wat asbes bevat, wat moontlik stof kan vrystel terwyl dit opgeberg, vervoer of versprei word, in geslote houers gehou word wat die vrystelling van asbesstof verhoed;

(b) toesien dat die houers bedoel in paragraaf (a) van 'n etiket voorsien is wat duidelik die inhoud as asbes identifiseer en 'n toepaslike gesondheidswaarskuwing dra, in die vorm van Aanhangsel 1;

(c) toesien dat asbesbevattende materiaal wat verwerk word en stof kan vrylaat, tydens verskuiwing in soortgelyke houers as die in paragraaf (a) bedoel of in 'n algeheel geslote sisteem van vervoer is; en

(d) duidelik alle gebiede waar asbes opgeberg of geprosesseer word, afbaken deur middel van tekens in die vorm van Aanhangsel 1.

Sindelikheid van perseel en toerusting

16. (1) Elke werkgewer moet, sover uitvoerbaar, toesien dat—

(a) alle werkplekke in 'n skoon toestand gehou word en dat dit vry van asbesafval is;

(b) alle masjinerie, aanlegte en toerusting, sowel as alle uitwendige oppervlaktes van ventilasie-toerusting en alle inwendige oppervlaktes van geboue, vry van asbesstof gehou word;

(c) engineering controls shall include, wherever practicable, mechanical handling, extraction ventilation, filtration or redesign of the process or equipment to eliminate, contain or collect asbestos dust emissions by means of the following, where appropriate:

(i) process separation, automation or enclosure;

(ii) bonding asbestos fibres with other materials to prevent dust generation;

(iii) local extraction ventilation of processes, equipment and tools for the prevention of dust dissemination;

(iv use of wet methods where appropriate; and

(v) separate workplaces for different processes.

(d) appropriate work practices shall be followed where materials or processes are used which may give rise to asbestos dust in the working environment and such work practices shall include—

(i) requirements to use and maintain process machinery, installations, equipment, tools, local extraction and ventilation systems in accordance with standing instructions;

(ii) damping, where appropriate, of asbestos products and materials at workplaces before and during processing, handling, using, cleaning, stripping or removal;

(iii) regular cleaning of machinery and work areas by vacuum cleaners wherever practical, otherwise by brooms and wet sawdust or similar material;

(iv) proper use of personal protective equipment; and

(v) a system whereby changes in work procedures or procedures or processes that may signal the need for early corrective action, can be readily identified.

Packaging, transport and storage

15. Every employer shall—

(a) ensure that all loose asbestos and waste material containing asbestos, likely to release dust when in storage, or being transported or distributed, are kept in closed receptacles which prevent the escape of asbestos dust;

(b) ensure that the receptacles contemplated in paragraph (a) bear a label clearly identifying the contents as asbestos and carrying an appropriate health warning, in the form of Annexure 1;

(c) ensure that the movement of materials-in-process containing asbestos from which dust is likely to escape, shall be in similar receptacles to those contemplated in paragraph (a) or in a totally enclosed system of conveyance; and

(d) clearly demarcate all areas where asbestos is stored or processed by means of signs in the form of Annexure 1.

Cleanliness of premises and plant

16. Every employer shall ensure, as far as is praticable, that—

(a) all workplaces are maintained in a clean state and are free of asbestos waste;

(b) all machinery, plant and equipment, as well as all external surfaces of ventilation equipment and all internal surfaces of the building, are kept free of asbestos dust;

(c) skoonmaak deur stofsuigtoerusting gedoen word met 'n filtreerdoeltreffendheid van 100 % vir stofdeeltjies een mikrometer in grootte, of op 'n ander wyse op so 'n manier dat asbesstof nòg kan ontsnap nòg in die lug vrygelaat word sodat dit enige werkplek of die omgewing besoedel;

(d) die stofsuigtoerusting gereeld gediens word en al die uitwendige oppervlaktes in 'n skoon toestand gehou word en vry van asbesstof; en

(e) waar skoonmaak op 'n stofvrye wyse onprakties is, moet oppervlaktes benat word en werknemers wat sodanige skoonmaak onderneem, moet toepaslike beskermende klere en respiratoriese toerusting dra, en geen ander werknemers mag teenwoordig wees nie tensy hulle ook beskermende klere en respiratoriese toerusting dra.

Beskikking oor asbesafval

17. Iedere werkgewer moet—

(a) sover as moontlik alle afval wat asbes bevat hersirkuleer maar nie in nie-asbes produksieprosesse nie;

(b) toesien dat alle bymekaargemaakte asbesstof, snysels en ander afval in twee ondeurdringbare sakke geplaas word, een binne in die ander, of soortgelyke doeltreffende houers en dat dit behoorlik verseël is om die vrylating van stof gedurende hantering te voorkom;

(c) toesien dat alle asbesslyk wat nie vir hersirkulasie bedoel is nie in behoorlike verseëlde houers geplaas is om storting en uitdroging van die slyk te voorkom;

(d) toesien dat al sulke afval slegs gestort word op terreine spesifiek vir die doel aangewys en op so 'n wyse dat dit nie 'n risiko veroorsaak binne of buite die nywerheid en nie 'n risiko in die toekoms sal veroorsaak nie;

(e) toesien dat alle werknemers wat betrokke is by die versameling, vervoer en beskikking van asbesafval wat gevaar loop om blootgestel te word aan asbes in die lug, voorsien word van geskikte beskermende klere en respiratoriese toerusting;

(f) toesien dat alle voertuie, herbruikbare houers en deksels wat met asbesafval in aanraking was, skoongemaak word op 'n stofvrye wyse;

(g) geskrewe instruksies en toepaslike opleiding gee aan bestuurders van voertuie wat asbesafval vervoer oor die stappe wat geneem moet word indien asbesafval per ongeluk uitgestort; en

(h) indien 'n kontrakteur aangestel is om oor die asbesafdak te beskik, dit in die kontrak laat opneem dat die kontrakteur verantwoordelik is om aan die bepalings van hierdie regulasies te voldoen.

Misdrywe en strawwe

18. Enigeen wat 'n bepaling van regulasie 2, 4, 5, 6, 7 (1), 7 (2), 7 (3), 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16 of 17 oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie, en, in die geval van 'n voortdurende oortreding, met 'n addisionele boete van R5 of addisionele gevangenisstraf van een dag vir elke dag waarop die misdryf voortduur: Met dien verstande dat die tydperk van addisionele gevangenisstraf in geen geval 90 dae mag oorskry nie.

(c) cleaning is carried out by vacuum-cleaning equipment with a filtration efficiency of 100 % for particles one micrometre in size, or by some other means in such a way that asbestos dust neither escapes nor is discharged into the air such that it contaminates any workplace or the environment;

(d) the vacuum-cleaning equipment is regularly maintained and all its external surfaces are kept in a clean state and free from asbestos dust;

(e) where cleaning by a dustless method is impracticable, surfaces shall be wetted and employees undertaking such cleaning shall wear appropriate protective clothing and respiratory equipment, and no other persons shall be present unless they also wear protective clothing and respiratory equipment.

Disposal of asbestos waste

17. Every employer shall—

(a) as far as practicable, recycle all asbestos-containing waste but not into non-asbestos production processes;

(b) ensure that all collected asbestos dust, swarf and other waste are placed in two impermeable bags, one inside the other, or similarly effective containers and properly sealed to prevent the escape of dust during handling;

(c) ensure that all asbestos sludge not for recycling is placed in properly sealed containers to prevent spillage and drying out of the sludge;

(d) ensure that all such waste is disposed of only on sites specifically designated for this purpose in such a manner that it does not cause a hazard inside or outside the industry and will not cause a hazard in the future;

(e) ensure that all employees occupied in the collection, transport and disposal of asbestos waste who may be at risk of exposure to airborne asbestos are provided with suitable protective clothing and respiratory equipment;

(f) ensure that all vehicles, re-usable receptacles and covers which had been in contact with asbestos waste are cleaned by a dust-free method;

(g) give written instructions and appropriate training on the action to be taken in the event of accidental spillage of asbestos waste to the drivers of vehicles carrying such waste; and

(h) if a waste disposal contractor is employed, incorporate into the contract that the contractor is responsible for complying with the provisions of these regulations.

Offences and penalties

18. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of regulation 2, 4, 5, 6, 7 (1), 7 (2), 7 (3), 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16 or 17 shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months and, in the case of a continuous offence, to an additional fine of R5 for each day on which the offence continues or additional imprisonment of one day for each day on which the offence continues: Provided that the period of such additional imprisonment shall in no case exceed 90 days.

Kort titel

19. Hierdie regulasies heet die Asbesregulasies.

AANHANGSEL 1

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983

REGULASIES 10 EN 15 VAN DIE ASBESREGULASIES

ANNEXURE 1

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983

REGULATIONS 10 AND 15 OF THE ASBESTOS REGULATIONS

WAARSKUWING: ASBES

INASEMING VAN ASBESSTOF IS GEVAARLIK VIR GESONDHEID. VOLG VEILIGHEIDSVOORSKRIFTE

WARNING: ASBESTOS

BREATHING ASBESTOS DUST IS DANGEROUS TO HEALTH. FOLLOW THE SAFETY INSTRUCTIONS

(4 Oktober 1985)

KENNISGEWING 620 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983 (WET 6 VAN 1983)

Die Minister van Mannekrag publiseer hierby, op aanbeveling van die Adviesraad vir Beroepsveiligheid, die volgende Konsep Omgewingsregulasies vir Werkplekke vir algemene inligting en kommentaar.

Enige kommentaar of vertoë daaromtrent moet binne 90 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik en in duplikaat by die Direkteur-generaal, Mannekrag, Privaatsak X117, Pretoria, 0001, ingedien word.

KONSEP OMGEWINGSREGULASIES VIR WERKPLEKKE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), en het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"armature" 'n ligtoestel wat 'n lamp bevat en dit voorsien van elektriese koppelings;

"blikkeringsindeks" 'n numeriese waarde vir blikkering bepaal ooreenkomstig SABS 0114;

"blootstellingsdrempel" die voorgeskrewe konsentrasie in die lug van 'n chemiese of biologiese stof of die vlak van 'n fisiese agens waaraan 'n persoon blootgestel kan word in die loop van sy diens sonder nadelige effek;

Short title

19. These regulations shall be called the Asbestos Regulations.

AANHANGSEL 1

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983

REGULASIES 10 EN 15 VAN DIE ASBESREGULASIES

ANNEXURE 1

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983

REGULATIONS 10 AND 15 OF THE ASBESTOS REGULATIONS

WAARSKUWING: ASBES

INASEMING VAN ASBESSTOF IS GEVAARLIK VIR GESONDHEID. VOLG VEILIHEIDSVOORSKRIFTE

WARNING: ASBESTOS

BREATHING ASBESTOS DUST IS DANGEROUS TO HEALTH. FOLLOW THE SAFETY INSTRUCIONS

(4 October 1985)

NOTICE 620 OF 1985

DEPARTMENT OF MANPOWER

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983 (ACT 6 OF 1983)

The Minister of Manpower, on the recommendation of the Advisory Council for Occupational Safety, hereby publishes the following Draft Environmental Regulations for Workplaces for general information and comment.

Any comments or representations thereanent should be lodged in writing and in duplicate with the Director-General: Manpower, Private Bag X117, Pretoria, 0001, within 90 days from the date of publication of this notice.

DRAFT ENVIRONMENTAL REGULATIONS FOR WORKPLACES

Definitions

1. In these regulations "the Act" means the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983), and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have the meaning so assigned and, unless the context indicates otherwise—

"acclimatised" means physiologically adapted to a particular thermal environment and work rate;

"building work" means work defined as such in regulation 1 of the General Administrative Regulations published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984;

"dB (A)" means a unit of sound pressure level defined in SABS 083;

"directional luminaire" means a luminaire from which the light output is confined to a well-defined narrow beam;

"bouwerk" werk as sodanig omskryf in regulasie 1 van die Algemene Administratiewe Regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984;

"dB (A)" 'n eenheid van klankdruk soos omskryf in SABS 083;

"ekwivalente geraasvlak" 'n meting van 'n klankdrukpeil bepaal ingevolge SABS 083;

"ge-akklimatiseer" fisiologies aangepas by 'n bepaalde termiese omgewing en werktempo;

"gehoorbeskermer" 'n oormof of oorproppe van 'n soort deur die hoofinspekteur goedgekeur en ten opsigte waarvan 'n geskiktheidstoets soos voorgeskryf ingevolge SABS 572 afgelê is deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde of 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid;

"geraassone" 'n gebied waar die ekwivalente geraasvlak gelyk is aan of 85 dB (A) oorskry, gemeet ooreenkomstig SABS 083;

"gerigte armature" 'n armature waarvan die ligstraal beperk is tot 'n smal, goed-gedefinieerde straal;

"hittesteek" 'n patologiese toestand wat ontstaan wanneer die termies-regulatoriese meganismes van die menslike liggaam faal;

"illuminasie" die intensiteit van lig wat op 'n oppervlak val, gemeet in lux;

"SABS 083" die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se gebruikskode getiteld "Die meet en beoordeling van arbeidsgeraas vir gehoorbeskerming" nommer SABS 083-1970;

"SABS 0114" die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se gebruikskode getiteld "Binneverligting Deel 1: Kunsmatige verligting", nommer SABS 0114-1973;

"SABS 572" die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se spesifikasie getiteld "Die akoestiese eienskappe van gehoorbeskermers", nommer SABS 572-1973;

"tyd-beswaarde gemiddelde" die gemiddelde van 'n aantal verteenwoordigende metings geneem oor 'n bepaalde tydperk en soos volg bepaal:

Tydbeswaarde gemiddelde =

$$\frac{x_1 t_1 + x_2 t_2 + x_3 t_3 + \ldots\ldots + x_n t_n}{t_1 + t_2 + t_3 + \ldots\ldots + t_n}$$

waar x_1, x_2, ens., die waargenome metings is gedurende die ooreenstemmende tydperke t_1, t_2, ens., minute en $t_1 + t_2 + t_3 + \ldots\ldots + t_n$ die totale tyd in minute ten opsigte waarvan die metings gedoen is;

"WBGT indeks" 'n getal wat die termiese toestand in die omgewing waarop daardie getal van toepassing is, kenmerk; dit word bepaal deur sewe tiendes van die lesing in grade Celsius verkry met 'n nat-bol termometer wat op natuurlike wyse geventileer word, by te tel by een vyfde van die lesing in grade Celsius verkry van 'n swartbol-termometer en daardie som by te tel by een tiende van die lesing in grade Celsius verkry met 'n droë bol termometer; die indeks kan ook verkry word deur gebruik te maak van 'n elektronies-integrerende direk-leesbare instrument wat ontwerp, gebou en gekalibreer is vir daardie besondere doel;

"werkvlak" 'n horisontale vlak op die hoogte waar werk verrig word.

Termiese vereistes

2. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), mag geen werkgewer vereis of toelaat nie dat 'n werknemer werk in 'n omgewing waarin die tyd-beswaarde gemiddelde droë-bol temperatuur, geneem oor 'n periode van vier uur, minder is as 6 °C, tensy die werkgewer middele voorsien om

"equivalent noise level" means a measure of a sound pressure level determined in accordance with SABS 083;

"exposure limit" means the prescribed air-borne concentration of a chemical or biological substance or the level of a physical agent to which a person may be exposed in the course of his employment without injurious effect;

"glare index" means a numerical value for glare as calculated in accordance with SABS 0114;

"hearing protector" means an ear muff or ear plugs of a type approved by the chief inspector and in respect of which an efficiency test as prescribed by SABS 572 has been conducted by the South African Bureau of Standards or an approved inspection authority;

"heat-stroke" means a pathological condition ensuing from thermoregulatory failure of the human body;

"illuminance" means the intensity of light falling on a surface, measured in lux;

"luminaire" means a light fitting which supports a lamp and provides it with electrical connections;

"noise zone" means any area where the equivalent noise level is equal to or exceed 85 dB (A) when measured in accordance with SABS 083;

"SABS 083" means the South African Bureau of Standards Code of Practice for the Assessment of Noise Exposure during work for Hearing Conservation Purposes, SABS 083-1970;

"SABS 0114" means the South African Bureau of Standards Code of Practice for Interior Lighting Part 1: Artificial Lighting, SABS 0114-1973;

"SABS 572" means the South African Bureau of Standards Specification for the Acoustical Properties of Ear Protectors, SABS 572-1973;

"time-weighted average" means the average of a number of representative measurements taken over a period of time and calculated as follows:

Time-weighted average =

$$\frac{x_1 t_1 + x_2 t_2 + x_3 t_3 + \ldots\ldots + x_n t_n}{t_1 + t_2 + t_3 + \ldots\ldots + t_n}$$

where x_1, x_2, etc. are the observed measurements during the corres-ponding periods t_1, t_2, etc., minutes, and $t_1 + t_2 + t_3 + \ldots\ldots + t_n$ is the total time in minutes over which the measurements are taken.

